



TOULEIER

Ons kuier in Duskantland



Soos die noodlot dit wil hê, eindig die nommer van hierdie uitgawe van *Kammanuus* met dieselfde getal as die jaar van my matriek - nege-en-sestig. Daardie jaar wat hulle die eerste keer voet op die maan gesit het. Het julle geweet dat Niel Armstrong se woorde eintlik was: 'One small step for man, one giant leap for Manny Cohen!'

Dis 'n heel ander storie wat ek met 'n volgende geleentheid sal oortel.

Een van die groot redes hoekom ons Duskantland hierdie keer besoek het (die ander een was om ma-goed se koffievarktjops te kom versind) was om weer my skoolmaatjies van jare gelede te kom opsoek. 'n Mens weet nie wanneer kap hulle die bome hier naby uit jou eie bos nie.

Dis 'n gevaarlike ding om onvoorbereid na 'n 40 jaar re-unie op te trek. Die vorm en bou van jou eertydse maatjies het veral oor die laaste tien jaar so effe drasties verander. Party skrikwekkend baie, ander weer asof hulle nooit ouer geword het nie. Ek onthou nog hoe teleurgesteld ek was toe ek 'n eertydse top-atleet van ons skool 'n paar jaar later by 'n re-unie opmerk met 'n goeie 20 kilo's ekstra om die middellyf. En hier daag ek self nou op, 60 kilo's later, nog rond en vetter as hy!

Gewig en plooi daar gelaat, ek sou die naweek vir niks verruil nie. Ai, was dit nou vir jou lekker! Om so die kollektiewe geheue te tap oor die dae toe ons nog jonk en jeukerig was. Al die katekwaad waarvan elkeen 'n ander aspek van onthou. Nostalgie op sy lekkerste.

En die res van ons besoek? Hoe meer dinge verander, hoe meer bly hulle dieselfde. Ná 'n jaar in Anderkantland was ons nogal verbaas hoe als nog maar aangaan soos tevore. 'n Mens kon nou wel sien dat die Gautrein duidelik sy spoor maak, veral daar in Centurion se omgewing. Het selfs die geparkeerde trein ook gewaar daar in Midrand. Wonder nou net of hy wel gaan loop teen 2010 se sokker?

Eskort se varkworsies smaak definitief lekkerder as 'n jaar gelede. Die Vrystaat en die Karoo is baie groener as wat ek kan onthou en die skapies spekvat. Die Kaap was koud en nat en vir 'n man wat vir 'n jaar tussen die duine gebly het, was dit 'n groot plesier om weer 'n rooiwyntjie te kon geniet terwyl die fyn reëntjie buite neersif.

Die platteland het ook 'n paar veranderinge ondergaan. Vat nou maar Richmond. My ma verkoop nou al jare lank vis somer so uit huis uit, en dit was lekker om te sien hoe normaal dinge weer geword het met verhoudinge tussen bevolkingsgroepe. Soos die ousies van die dorp hul visskuld kom betaal, word hulle ingenooi en kom sit en gesels eers lekker oor familie en dorpsake voor die een haar geldjies uit haar Boxer twaksakkie uithaal en oorhandig.

"Rook jy dan?" vra my ma. "Nee oumies," kom die antwoord terwyl sy haar kleingeld weer terugsit, "op dié manier dink die skelms dis my twak, nie my geld nie."

Die paaie het minder verwaarloos as wat ek verwag het. Op pad Graaff-Reinet toe met die agterpad was daar meer vet ronde dassies wat oor die pad geskarrel het. Net so hier en daar die begin van 'n slaggat.

Daar was selfs 'n paar kolle vars teer waar die pad reggemaak is.

Van slaggate gepraat, ons kom toe mos met die R62 terug uit die Kaap om te kyk of ons nie 'n goeie stukkie oudheid kan raakloop vir die gastehuis nie. Sal my verbasing nie groot wees om daar tussen niks en nêrens by Ronnie's Sex Shop verby te ry nie! En daar was 'n hele paar karre onder die bome geparkeer.



Vra Kamermaatjie ewe vir my hoekom ons nie afgetrek en ingeloer het nie. Sy het glo al gehoor van die plek. Hoe moes ek nou raai? Het ek afgedraai en het sy nie geweet van die plek nie, moes jy haar dan hoor!

Wag, dat ek liever terug na die land waar varke en ons openbare sedes nog veilig verbied word!

• **Julle kan die regte storie oor Ronnie se Sekswinkel op bladsy 10 lees.**

Hennie Greeff
Richmond, Duskantland
UITGEWER VAN KAMMANUUS



ROELFIE SLAAT RAAK

❖ Pasop tog vir Marie!

ROELFIE het 'n paar jaar gelede self ondervinding gehad van Modder Eiland en sy belaglike Health and Safety regulasies, soos dat jy by 'n kunstefees nie buite mag braai sonder dat daar 'n dak oor die braaiplek is nie. Dis nou om te keer dat 'n voël wat verbyvlieg op jou vleis tjorts.

Maar nou lyk dit of die spul Britte al die regulasies nodig het, want hulle is eenvoudig net te ingeteel om vir hulself te dink en te sorg.

Wil jy glo dat meer as die helfte van hulle al deur koekies en beskuitjies beseer is. Altesame 25 miljoen mense, van wie 500 hospitaalbehandeling nodig gehad het! Dis nou mense wat hulself met warm tee of koffie gebrand het terwyl hulle hul koekies daarin gedoo het.

In die ergste gevalle het hulle hulself met beskuitjies in die oog gestee, of 'n tand gebreek of is hulle gebyt deur honde wat self wou proe hoe die eetding smaak.

► **Hou die nuus dop: Dit lyk of Marie beskuitjies volgende op die Britte se verbode lys gaan wees.**

❖ Swart gate

DAAR was onlangs 'n TV-program wat getoon het hoe sterre – eintlik maar bondels energie – inplof en hoe hul energie deur swart gate in die ruimte ingesui word. Dis natuurlik nie al plek waar dit gebeur nie, want hier in Duskantland plof die staatsdepartemente in. Elke jaar is daar 'n klomp van hulle wat nie aan die ouditeur-generaal kan verduidelik wat van miljarde rande geword het nie.

► **Daai geld verdwyn sommer net in swart gate in sonder dat 'n haan daarna kraai.**

❖ Nog 'gratis' krag

EKSDOM gaan al weer al die betalendes melk met nog 'n verhoging – die keer 40% en volgende jaar nog 30 persent – om op te maak vir 15 jaar se gebrek aan beplanning en wanbestuur.

Maar hierdie keer is daar ook so 'n bietjie suiker om die pil – vir die armes. Hulle gaan nou 'n groter deel van hul krag gratis kry.

Nou weet enigeen wat al ooit in 'n township was dat dit sommer 'n bogstorie is. Dié mense kry al jarre lank al hul krag gratis, soos aangedui deur die onwettige kragdrade wat elke straat besaai.

► **En Eksdom en die regering weet dit. Hulle weet ook dat ons dit weet. So what?**

❖ Gebrekkige woordeskat

IN die sage rondom Caster Semenya seg Foolius Dilemma, leier van die ANC se sandputkinders, mos daar is nie so iets soos 'n hermafrodiet nie, want die woord bestaan nie in Pedi nie.

Vra iemand toe vir Foolius hoekom doen hy nie iets wat die moeite werd is nie, soos om vir sy jeugvolgelinge te sê 'n mens beroof en plunder nie biblioteke nie.

► **En die iemand gee toe sommer self die antwoord oor hoekom Foolius nie so 'n beroep doen nie: Daar is nie 'n woord soos 'biblioteek' in Pedi nie.**



❖ Daar is 'n beter manier

DIE piepôls is rusteloos. Hulle blokkeer paaie. Hulle gooi klippe. Hulle steek geboue aan die brand, veral in Gautêngelêng en Mpoepallankal.

Die chaos en anargie is ook nie nuut nie, want selfs die mense wat ons moet beskerm – die polisie en die weermag – is opstandig.

Sosioloë bespiegel oor die redes, en een kenner het op 'n onderwys-simposium gesê die rede is drie miljoen verveelde jeugdige wat werkloos is en nie skoolopleiding het nie. Nou ja, ons onthou mos almal die slagspreuk van "no education before liberation" en wie dit aangestook het. En wie gedink het 'n sokkertoernooi en oorlogswapens is belangriker as skole, onderwysers, hospitale en huise.

Die senior ANC-man Joel Netshitenzhe het die spyker nogal op sy kop geslaan.

"Almal begin glo dat, ten einde gehoor te word, jy staatseiendom moet vernietig of die wet moet oortree," het hy gesê.

► **Daar is natuurlik 'n beter manier: Moet net nie vir die regering stem nie, maar dit wil hulle ook nie doen nie . . .**

Allegaartjie

Nuut op die mark



PIESANG-BESKERMER

Is jy moeg om piesangs skool toe of werk toe te neem, en dan is hulle gekneus en pagedruk as jy hulle wil eet?

Die Piesang-Beskermer stel jou in staat om jou piesangs individueel te beskerm sodat jy hulle enige plek, enige tyd ten volle in 'n perfekte toestand kan geniet.

Lug-gesprekke

Die Duitse lugbeheer op die Frankfort-lughawe is berug as 'n ongeduldige spul. Hulle verwag dat jy moet weet by watter hek jy parkeer. en dat jy dit sonder hul hulp kan regkry.

Die volgende gesprek het tussen Frankfort en 'n BA 747 met die roepsein Speedbird gebeur:

Toring: "Speedbird, taxi na hek Alpha Een-Sewe!"

Die 747 het op die hoof taxibaan getrek en tot stilstand gekom.

Toring: "Speedbird, weet jy nie waarheen jy gaan nie?"

Speedbird: "Staan by. Ons slaan nou ons hekpermissie na."

Toring (met arrogante ongeduld): "Speedbird, was jy al ooit tevore op Frankfort?"

Speedbird (baie kalm): "Ja, twee keer. Maar dit was in 1944 in die donker, en ek het nie geland nie."



WYN-WENK VAN DIE WEEK


Die regte manier om 'n goeie wyn te behandel, is om die bottel 'n uur voor die tyd oop te maak en te laat asemhaal.

As dit lyk of dit nie werk nie, gee dit mond-tot-mond asemhaling.

WAT 'N INSPIRASIE!

Soos ons ouer word, begin ons twyfel aan ons vermoë "om 'n verskil" aan die lewe te maak. Dis wanneer ons geloof en hoop 'n inspuiting kry oor 'n "senior" wat die moed gehad het om uitdagings te aanvaar wat baie van ons sal laat terugdeins.

Harold Scumberg is so 'n mens.



Hulle het my dikwels gevra:

'Wat doen mense as hulle aftree?'

Wel, ek het gelukkig 'n agtergrond as chemiese ingenieur, en een van die dinge wat ek die meeste geniet is om bier, wyn, whiskey en margaritas in urine te verander.

Nuwe Afrikaanse woorde

- Backseat driver = skouervlieg
- Balls-up = knaterflater
- Blind date = moljol / steekproef
- Brandy = polisie koffie
- Cabby hole = vroeteldoos
- Chaperone = voëlverskrikker
- Cycle pants = voëlverklikker
- Dagga = lagtwak
- Gynaecologist = koekeloeder
- G-string = Tergtou
- Toi-toi = vakbond-vastrap
- toyboy = katelknapie
- Sales rep = kommissiekabouter

Die deurklokkie lui, en daar is twee mans wat klere vir honger mense bedel.
'n Dik antie maak die deur oop.
"Julle mors julle tyd," sê sy. "My klere is te groot vir iemand wat honger is!"

OP KOMMANDO

STORIES UIT DIE ABO



Deur Fransjohan Pretorius

Die oorlog was ook teen luise en vlieë!

IN talle dagboeke, briewe en herinneringe kla die burgers oor die verskriklike las wat hulle van vlieë en luise op kommando moes verduur.

Aan die Natalse front met sy vogtige hitte was die vlieëplaag die ergste. "Die tien plae van Egipte kon nie erger wees nie," het een burger geoordeel. "Ons het alles denkbaar gedoen om van hulle ontslae te raak . . . maar sonder die geringste mate van sukses . . . Hulle het in ons kos gekom, ons drinkgoed, ons tabak, ons klere, ons borsels – hulle was oral."

As die burgers in die oggend vleis gekry en dit nie dadelik in lappe toegedraai het nie, was dit twee ure later vol maaiers. Verskeie burgers het tydens maaltye muskietnette oor hulle gegooi.

In die laaste twee jaar van die oorlog was daar veel minder las van vlieë. Die kommando's was natuurlik meer aan die beweeg, sodat daar nie soveel onhigiëniese toestande was wat normaalweg vlieë lok nie.

Waar vlieë die burgers in die stellingfase geteister het, het luise hierdie foltering in die guerrillafase oorgeneem. Veral opstalle, waenhuise of hoenderhokke was die ideale aanteeplek vir luise.

Verreweg die meeste burgers en vreemdelinvrywilligers skryf in hul dagboeke dat dié parasiete van Britse soldate afkomstig was. Hulle het gedeeltelik gelyk gehad.

Sulke luise het waarskynlik gekom van Britse soldate wat dit in skeepsruime oorgebring en daarna op hul persoonlike higiëne nalatig was. Dit was algemeen om luise in gebuite Britse klere te kry. Burgers het luise op die lyf geloop wanneer hulle ou Britse kampplekke besoek het.

Die sogenaamde Kakieluise is as knewels beskryf. Hulle was glo groter as die plaaslike luise, met langer bene en 'n swaelstert wat opgelig het as hulle loop.

Die luise-aanslag kon op drie maniere bekamp word. Eerstens moes ou Britse kampplekke vermy word. 'n Tydjie moes daagliks afgestaan word om elke kledingstuk sorgvuldig te inspekteer. Ten derde moes gebuite Britse klere in water gekook word. Dit het egter weer die materiaal verswak, sodat dit maklik geskeur het.

'n Burger het aangeteken dat iemand wat geen ondervinding daarvan gehad het nie, nooit sou kon weet wat dit is om dag en nag deur luise gevreet te word nie.

'n Tweede burger het verklaar dat hulle twee oorloë moes voer: een op die veld, en een in die klere.

'n Derde het teenoor sy broer erken: "Boetie, die hemel weet ek sal nooit *handsup* nie, maar as ek moet, sal luise die oorsaak wees."

[Uit: *Op Kommando*, deur Fransjohan Pretorius.]



Genl. Philip Botha (op die perd) gelas dat 'n Boerelaer verskuif moet word om van die vlieë af weg te kom.



Dié week se giggels

Stuur gerus jou giggels aan pos@onsdorp.com

STILSTUIPE

Die egpaar was besig om stilstuipe te speel toe hy ontdek dat hy die volgende oggend om vyfuur moet opstaan. Hy wil nie die eerste een wees wat die stilte verbreek nie, en laat vir haar 'n nota waar hy weet sy dit sal kry:

"Maak my asseblief 05:00 wakker."

Die volgende oggend skrik hy eers om negeuur wakker.

Hy spring woedend op om uit te vind hoekom sy hom nie gewek het nie, en sien toe 'n nota op die bedkassie. Dit lees: "Dis 05:00. Word wakker."

BLONDIE

Hoekom kan jy nie knock-knock met 'n blondine speel nie? Want sy hardloop deur toe sodra jy begin.



PRAATING THE TAAL

Die Engelsman wat nie Afrikaans verstaan nie, gaan koop 'n perd by 'n boer wat nie juis Engels kan praat nie.

"I want a good-looking horse" sê die Engelsman terwyl hulle na die perdestalle stap. Die boer wys na die eerste een: "This one looks good".

"No, that one over there looks much better to me," sê die Engelsman.

Die boer sê: "That one does not look so good. This one looks better."

"No, that one looks better", hou die Engelsman vol.

Hy koop die een waarvan hy hou. Twee dae later is hy woedend terug.

"The horse you sold me is blind!"

En die boer antwoord: "But I told you that one does not look so good."

(Ingestuur deur Denise Smith, Goodwood)

NOG BLONDIES

Hoe herken jy die blondine by 'n begrafnis? Sy is die een wat die ruiker probeer vang.

Hoekom hou die blondine leë bottels in haar yskas? Dis vir haar vriende wat nie drink nie.

Hoekom maak die blondine net een skoenveter was? Want daar staan "Taiwan" op die skoen.

NIE WEER NIE!

Herman en sy vrou sit aan die onbyttafel. Skielik vra hy: "As ek skielik sterf, sal jy al my goed dadelik verkoop?"

"Nou hoekom moet ek so iets doen?" vra sy.

"Want as jy weer trou, wil ek nie hê 'n ander poephol moet my goed gebruik nie," sê hy.

Sy vrou het hom stip aangekyk, en gevra:

"Nou wat laat jou dink ek sal weer met 'n poephol trou?"

Dis makliker om pantoffels te dra as om die hele wêreld met 'n mat te bedek.

-- Al Franken

DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker



My kinderdae is 'n kleinood

"Ons kar was 'n Chev, want ons was nie Sappe nie. Sappe het met Fordkarre gery."

Deur JOHANNES HORN

IN die ou dae was daar nie iets soos wegneemkos nie, en daar is ook nie in restaurante en steakhouses geëet nie. Veral nie as jy op die platteland grootgeword het nie, want daar was nie sulke goed nie.

Ons het by die huis geëet.

Ma het die kos gekook, en as pa van die werk af kom, het ons saam om die eetkamertafel gaan sit. Ma het vir jou ingeskep, en jou bord moes leeg wees voordat jy kon opstaan.

Min van my vriende se pa's het karre gehad, maar ons was gelukkig: My pa was 'n vee-inspekteur en hy moes 'n kar gehad het. Maar ek is nooit by die skool afgelaai nie. Ek het 'n dikwiel-fiets gehad, met 'n eenspoed-ratkas: stadig.

Toe ek begin langbroek dra het, het ek *bicycle clips* gekoop wat my broekspype uit die fietsketting gehou het. As jy saans moes ry, het jy 'n flitslig met twee batterye voor tussen die fiets se handvatsels in sy houder laat ingly.

Ryker kinders het 'n dinamo gehad wat krag opgewek het deur teen die agterwiel te draai.

Daar was ook plek vir 'n fietspomp, en niemand het jou fietspomp gesteel nie.

Dit was baie lank voor televisie, maar daar was elke Saterdag 'n fliek in Eskom se klubhuis. Dit het nege pennies gekos om in te gaan, en as jy gou gespring het, kon jy aan die einde vyf leë koeldrankbottels onder die stoele opraap. Hulle het jou tien pennies in die sak gebring, en met daai ekstra pennie kon jy twee Wilson-toffies koop, of vier Nutties. Chips was tienie 'n pakkie, en daar was net twee geure: plein en sout-en-asyn.

Hierdie operasie het in die skemerte gebeur terwyl hulle God Save the Queen op die skerm gespeel en almal begin opstaan het.

Voordat die hooffliek begin het, was daar 'n nuusprogram *African Mirror*, met 'n swart man in tradisionele drag wat op 'n trom geslaan het. As daar 'n Springbok-toets was, het jy so twee minute se aksie uit die toets gesien. En as jy gelukkig was - ons het altyd ons voete van vreugde gestamp - was daar 'n strokiesprent van Bugs Bunny of 'n ander karakter.

Die rolprentsterre het nog nie oopmond gesoen nie, en as hulle in die bed was, was hulle alleen daar. Daar was geen ouderdomsperke nie, want al die flieks was gesinsvermaak en sonder vloekwoorde.

My ouers het net gefliek as daar 'n Afrikaanse fliek was van Al Debbo en Frederik Burgers, prente soos *Kom Saam Vanaand* en *Alles Sal Regkom*, of iets van Jamie Uys.

Ons kar was 'n Chev, want ons was nie Sappe nie. Sappe het met Fordkarre gery. Daar was nie rigtingwysers nie, pa moes sy hand uitsteek om te wys hy gaan draai. Die kopligte se dompskakelaar was op die vloer, en my pa se topspoed was 50 mpu. Ons het 'n radio gehad wat in die kombuis gestaan het. Daar was ook 'n koolstoof - 'n Dover, met so 'n tenkie vir warm water aan die kant.

Saans het ons om twintig oor sewe na die *Du Plooy van Soetmelksvlei* geluister. Later in die aand was daar stories soos *Die Vlakte Duskant Hebron* en Jan Rabie se ruimtestorie *Die Groen Planeet*, en op LM kon jy Woensdagaande luister na *Caltex Kaskenades* met Jan Salie en die boemelaar-paar Hans en Maans en Tant Gesie en Oom Gawerjal.

Soggens het ons na Fanus se *Flink uit die Vere* geluister.

Ons enigste elektriese implemente was 'n yskas en 'n strykyster.

Ek het 'n rooi waentjie gehad waarmee ek ou Huisgenote en koerante na Ahmod se winkel aangery het. Hy het per gewig betaal: pennie vir 'n pond.

Ek het ook my eie groentetuintjie gehad en ertjies en boontjies en wortels aan die bure verkoop vir sakgeld.

Ná 'n lang gespaardery kon ek 'n platespeler aanskaf wat met batterye gewerk het. Dit was die tyd toe ou 78 r.p.m. plate uit die mode gegaan en deur langspeelplate en solus-sewes vervang is. Die platespeler kon almal speel: 78's, 45's en 33's. Daar was 'n winkel in Claremont in die Kaap wat plate vir jou gepos het nadat jy hulle met 'n posorder betaal het.

Ek het nog die plate wat ek 50 jaar gelede aangekoop het, al kan ek hulle nie meer speel nie. Ek is bly dat ek grootgeword het toe ek grootgeword het. Die herinneringe is vir my kosbaar.

• **As daar nog lesers is wat van hul kinderdae wil vertel, hoor ons graag van julle.**



Duskantlanders in Anderkantland

Hoekom sal ons nou in Brittanje bly?

Deur **PIETER MALAN**

Die man wat die robbe toertjies leer by St Andrews se akwarium – kom ons noem hom Andy – is onmiddelik meer spraaksaam toe hy hoor ons is van Suid-Afrika. Hy is hard besig om te spaar sodat hy weer Suid-Afrika toe kan gaan. Hy wil daar gaan klasgee en werk, vertel hy.

“Waarom sou hy dit wil doen as almal uit Suid-Afrika wil padgee? Kyk net hoeveel Suid-Afrikaners is hier in Brittanje,” wil ons weet. Hy kyk ons aan asof ons pas voorgestel het dat ons die raarste vis in sy tenk vir aandete eet.

“Dis die mooiste plek in die wêreld. Waarom sou enigiemand nie daar wil bly nie?” vra hy verbaas.

Die gesprek met Andy spook nou reeds ‘n paar dae by my. Veral omdat ons, soos Andy, ook besig is om planne te maak om “huis” toe te gaan.

Ondanks die feit dat ek die Britte gedurende my tyd hier leer ken het as ‘n ongelooflike akkommoderende spul wat agteroor buig om ander nasies en kulture te laat welkom voel op hul eiland, is ek nie Engels nie.

Gedurende die drie jaar wat ek hier in die noordelike halfgrond gebly het, het ek baie waardering gekry vir die historiese frats wat my gemaak het wat ek vandag is. My voorvaders was Frans, my taal ‘n halfnaatjie-boetie van Hollands terwyl my breë sosio-politiese lewensbeskouing sterk beïnvloed is deur ons Anglo-Saksiese koloniale meesters.

Ek is ‘n onbeskaamde basterkind. Op my mees rasionele oomblikke voel ek my nêrens werklik tuis nie. Té wit vir Afrika en te wild vir Europa.

‘n Mens moet jou egter weerhou daarvan om jou eie geval as besonders voor te hou. Die wêreld is vol sulke ontuisies: Karibiese Engelse, Turkse Duitsers, Duitse Namibiërs – baie van hulle selfs meer volksvreemd as Afrikaners.

Daar is sommige (wit) Suid-Afrikaners wat argumenteer dat ‘n mens dié siklus van nêrens tuis wees moet verbreek. Hulle sê ‘n mens moet emigreer om jou kinders ‘n beter kans te gee en is gewoonlik erg trots op die feit dat hulle spruite nou egte Engelsmannetjies is wie se plat Hollywood polisieman-Engels binne een generasie uitgeteel het of wat nou net so goed skaats soos ‘n Kanadese yshokkie-speler.

Ek bewonder die opoffering wat sulke mense bereid is om vir hul nageslag te maak, maar self sien ek nie kans om só ‘n reusagtige kulturele afgrond tussen my en my kinders te plaas nie.

Hoe, wonder ek, beantwoord jy ‘n nuuskierige kleuter se miljoene hoekom-vrae” oor die goggatjies, die bome, die grasse en die blommetjies wat hy elke dag teenkom as jy self nie die nuwe wêreld rondom jou ordentlik ken en verstaan nie? Hoe leer jy ‘n jong seun conkers speel as jy self net kennetjie ken?

Ek weet dat ek nie die enigste een is wat met hierdie probleme worstel nie. Immigrasie-prokureurs hier in Londen vertel my die meerderheid Suid-Afrikaners wat terugkeer huis toe, is jong mense wat ‘n paar jaar hier gewerk het en pas met ‘n gesin begin het. Dit is vir hulle wie die gekombineerde trekpleister van oupa en ouma en die herinneringe van hul eie grootwordjare té veel raak.

Want ja, dit sal dalk nuus wees vir baie van Rapport se meer pessimistiese lesers, maar die migrasie-vloei tussen Brittanje en Suid-Afrika is nie net in een rigting nie en duisende Suid-Afrikaners wat hier woon, speel met die idee van terugkeer.

Met die Britse ekonomie wat nou ‘n seker resessie in die gesig staar, voorspel ek dat baie Suid-Afrikaners wat tot nou toe net oor die moontlikheid getob het, hul planne tot uitvoering gaan bring. Hierdie is mense wat hulle eenvoudig nie gaan steur aan die bangmaakstories oor misdaad, oor Zuma en ANC-skeurings en die holrugdebat oor bly of gly op die koerante se brieweblaai nie.

Elke keer as ek oor dié sake nadink, is daar ‘n paar reëls uit David Kramer se “Matchbox Full of Diamonds” wat by my opkom. Dis baie gepas, omdat dit die irrasionele aard van enige debat oor identiteit en blyplek so mooi saamvat:

Miskien vir jou is die plek lelik / Maar vir my is die plek mooi / Hoekom sal ons nou hier bly / Want die Here het ons hier gegooi.

• Hierdie artikel is vir die eerste keer op 12 Oktober 2008 in Rapport gepubliseer. Pieter Malan was toe Media24 se burohoof in Londen.



Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur **RETHA KRUGER**

'n Lekker vinnige maaltyd

Ek kry steeds navrae vir iets vinnig om te eet as 'n mens moeg van die werk af kom en self moet kosmaak en jy het nie 'n vroulied of ma naby nie.

Wel ek het dit al genoem: belê terstond in 'n "Slow-Cooker" of prutpot!

Alleenlopersbredie

Neem sowat 1kg beesvleis blokkies, of enige kookvleis.

1 blikkie geblikte tamaties of tamatiesmoor.

Bietjie knoffel, basilie, origanum, sout en swart peper en 'n groot teelepel kerrie.

2 k. water

3 e. so poeier (sampioen of bruin uie of tamatie).

Gemengde groente, vars of bevrore. Vat aartappelblokkies, wortelringe, groenbone of kool, afhangende wat jy beskikbaar het. Komaan, jy het groente nodig - hoekom dink jy verlang jy na jou ma se kos? Daar was groente in!

Plaas groente en vleis in oondbak, hierdie Argilla-bakke of keramiekbakke werk heerlik.

Meng die water met al die speserye, soppoeier en tamaties. Gooi dit bo-oor die vleis en groente, bedek met deksel, bak in oond tot vleis sag en gaar is.

Sit nou 1k. rys en 2½ k. kookwater met ½ t. sout in 'n bak in die mikrogolfoond. As die glasbak nie 'n deksel het nie, maak dit sommer met kleefplastiek toe. Prik so 2 -3 gaatjies vir die stoom om te ontsnap. Mikrogolf op Hoog tot rys gaar, uitgeswel en droog gekook is - dit duur sowat 'n halfuur. Los dit in die mikro tot die kos in die oond gaar is - dit sal reg wees!

Gaan stort nou eers lekker, ontspan bietjie, streel jou hond of kat, roep jou honger pël, kry jou tafel of skinkbord reg, sny 'n paar tamaties in skyfies en voila!

Wenk vir troeteldiere

As jou kat jou deurmatjies uitrafel, smeer 'n mengsel van parraffien en asyn onderaan. Katte hou nie van die reuk nie!

Om jou kat of hond vloovry te hou, gooi 1 e. ontsmettingsmiddel in die water waarmee jy hom bad, dit maak ook die hare lekker sag.

Een tablet kiniensulfaat vir troeteldiere per dag, behoort ook die vlooië en bosluise weg te hou.

Watter vrou is reg?



RAAT VIR HOFPYN

Sny 'n lemmetjie in die middel deur en vryf dit oor jou voorkop.

Die kloppende pyn sal verdwyn.



RAAT VIR HOFPYN

Sny 'n lemmetjie, meng dit met tequila, maak dit lekker koud en drink dit.

Al jou pyne sal verdwyn.

Ek wil soos my oupa sterf. Hy is stil in sy slaap oorlede – nie al skreeuende en gillende soos die ander insittendes in die motor nie.



STAMBOOM

Waar pas jy in?

Gaan gerus na *Onsdorp* www.onsdorp.com/stamboom Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.

BARNARD

jes54@absamail.co.za

Ek is op soek na meer inligting oor die Kruger- en Barnard-families. My pa was Albertus Lambertus Kruger, my oupagrootjie se halfbroer was Paul Kruger. My man is Barnard, sy pa was John Joseph en het grootgeword by Dieprivier naby Karatera, Knysna-omgewing. Hulle was genoem die klein reuse.

BOTES

pjbotes1@telkomsa.net

Ek is Petrus Johannes Botes, my pa Johannes Jurgens Botes en my oupa ook Petrus Johannes Botes. My oupagrootjie was ook Johannes Jurgens Botes, kom aanvanklik daar van Coligny, Ventersdorp-omgewing.

COETZEE

anneri@telkomsa.net

Ek is getroud met JG Coetzee, maar my nooiensvan is ook Coetzee. My vader is Johannes Albertus Jacobus (Jan) Coetzee, geb. 1950 Karasburg. My oupa Jan Hendrik Marthinus, geb. 1920 Garies, oupagrootjie ook Johannes Albertus Jacobus, nie seker van geboortedatum, dink hy is ook in Namakwaland gebore. Ek wil graag weet waar ek kan navorsing doen oor Coetzee-stamboom.

COETZEE

eticiavc@absamail.co.za

Soek inligting oor voorgeslagte. My oupa was Marthinus Johannes Bekker Coetzee 1903. Sy pa was Abraham Johannes Petrus Coetzee, sy oupa was Abraham Johannes Petrus Coetzee 1813. sy oupa grootjies was Johannes Cornelis Coetzee, getroud met Maria Jacomina Smith. Die oor-oupagrootjie was ene Dirk Coetzee. Daar is glo iewers 'n Coetzee-stamboomboek. Enige inligting sal welkom wees.

JEPPE

wilhelmina.prinsloo@dcs.co.za

Herman Otto Carl Frederich Jeppe (dokter/apteker) dogters Rosa, Ellen, Kate, Frieda en Ellen Ottillie Jeppe, broer van Julius Jeppe. Julius Jeppe High School is na hom vernoem. Foto's en/of inligting.

KLEYNHANS

blommehoekie@gmail.com

Nicolaas Mattheus kleynhans

Gebore in Heidelberg 1936, is die derde oudste seun van Louisa Petronella Kleynhans van Riversdal.

VAN DER HOFF

heletjewhite@vodamail.co.za

My agter-oupagrootjie was die eerste predikant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van die Voortrekkers. Sy naam was Dirk van der Hoff en verder het ek nie veel inligting nie.

VAN WYK

irene@csfs.co.za

Ek soek asb meer inligting oor Petrus Jan Albertus van Wyk, geb. ca. 1870, getroud met Maria Catharina. Seun Louis Johannes van Wyk, geb. 12-12-1890.



Die storie van Ronnie se Sekswinkel

Jy vind hom op die R62, so 20 km oos van Barrydale op pad na Ladismith. Ronnie het jare gelede Ronnie's Shop op sy kothuisie langs die pad geverf met die idee om 'n plaasstal met vars produkte te begin. Sy vriende het hom 'n poets gebak en een nag die woord "sex" bygevoeg.

Ronnie was eers boos, maar het voortgegaan om die huisie op te knap. Sy vriende het dikwels stilgehou, 'n paar biere gedrink en 'n paar tjops gebrui, en so het die idee ontstaan om sommer net 'n kroeg te skep.

Vandag is Ronnie's 'n gewilde kuierplek vir besoekers regoor die wêreld (wie kan nou verby so 'n winkeltjie ry?), motorfietsryers, boere uit die omgewing en almal wat die pad gebruik.

Die kroeg is goed toegerus, jy kan 'n kroegete nuttig, mense ontmoet en dwarsdeur die nag kuier sonder om iemand te steur.



BRIEWEBUS

Kammanuus se lesers aan die woord

Vreemde Sjinese gewoontes!

LIEB LIEBENBERG, Sjina:

Ek is so trots op my braaiertjie wat ek hier gekoop het dat ek omtrent elke dag wil braai! Mies keer my want ek weet blykbaar nie wat dit aan ons gewig sal doen nie. Soos dit is sukkel ons om gesond te eet (te veel KFC en Mc Donalds) en om dit dan af te wissel met braaivleis sal net nie werk nie.

Ons sluit weer bietjie foto's in van ons omgewing. Dit is geneem op pad na ons boeremark toe.

Die boks vol geld is 'n tannie se kasregister by die mark. Ons dink nogal dit is oulik alhoewel so iets nie in SA sal werk nie – te veel gretige hande...

Ons het ook 'n afdelingswinkel, ParknShop, in die stad ontdek wat die lekkerste beesvleis verkoop. Nie te goedkoop nie, maar nou ja, as die vleis jou pak, bly dit mos maar 'n bargain al kos sowat R30 'n kilo, wat nie baie is nie, maar in die oë van die Chinese wel. Ons sal hulle maar ondersteun.

Weet nie of ons al genoem het van IKEA nie: Dit is 'n Sweedse Winkelgroep wat 'n verskeidenheid meubels verkoop teen redelike pryse. Alles word soos by 'n skou uitgestal om die mense 'n prentjie te gee van hoe dit sal lyk in 'n regte huis.

Hulle het egter nie tred gehou met die feit dat hulle met Chinese te doen het nie... Daar gaan hordes Chinese soontoe en hulle beset dan die meubels / beddens / sitkamerstelle, ens. ten volle!

Hulle laat hulle kinders in die kinderkamers speel en maak hulle selfs aan die slaap op die beddens. Een ma het ook haar kind drooggemaak op een van die beddens.

Dit is so erg dat die groep na 'n naweek die beddegoed moet was! Die Chinesies eet roomys op die gestoffeerde stoele en drink koeldrink en mors asof dit in hulle eie plekke is.

Die jonges neem hulleself weer oral af – op beddens, op stoele, in die kombuise, voor lessenaars, letterlik orals. Ons dink hulle stuur die foto's vir hulle vriende en maak dan of dit hulle huise is!

Ou tannies en ooms lê en slaap op die gemakstoele vir 'n halwe dag! Wat ek eintlik wou se van die plek, is dat hulle oulike selfaanmeekaarsitmeubels het. Ons het vir ons 'n kombuiskas gekoop en nou lyk ons kombuisie sommer baie beter.



As Sjina se bevolking in enkelgelid verby jou loop, sal die ry nooit eindig nie weens die tempo waarin die bevolking aanteel.

Spaar EN maak geld van die huis af!

Ek en my twee webmeestermaats Gerrie van *Die Knoop* en Danie van *Egafrikaans* kyk gereeld op die internet rond op soek na 'n geleentheid wat mens 'n meevallertjie kan bring.

Gereelde sakgeld. Iets wat jy van die huis af kan bedryf.

Ons het onlangs 'n goeie kat uit die boom gekyk en nou aangesluit by 'n splinternuwe geleentheid wat jou R200 in jou bank gee slegs 'n week nadat jy iemand suksesvol verwys het.

Dis al wat jy doen: Verwys mense en as hulle aansluit, kry jy nie net die R200 nie, jy kry daarna 'n gereelde kommissie solank as wat jy en hulle lede bly.

Die produkte spaar jou ook nog boonop R200 en meer op jou normale maandelikse uitgawes! Om meer hieroor uit te vind, gaan na die adres hieronder en vul die vormpie in. Kyk rustig na die aanbieding wat aan jou gestuur sal word. GEEN VERPLIGTING NIE.

Doen jouself 'n guns, hier is die plek:

<http://www.premierdirect.co.za/info/?sponsor=910754>

Doen dit sommer nou!

AGTEROS

My pa is sommer net my pa

Deur **DANA SNYMAN**

"Miskien is dit liefde: Om ondanks als
altyd maar weer saam met iemand by 'n tafel
te gaan sit en te praat."

MY pa verjaar vandag. Hy word 73. Of is dit nou 74? Die jare gaan so gou verby. Ons kom 'n ver pad, ek en hy. Dit was nie altyd maklik om hom as 'n pa te hê nie; en, wel, dit was ook beslis nie altyd maklik om my as 'n seun te hê nie.

Dis mos maar die storie van pa's en seuns.

Dit is vreemd: Ek het dopgehou hoe die ouderdom geleidelik by my pa se lyf in trek: Hoe die hare en baard gryser word, die stappie krommer, die vingers verrimpel en bewerig.

Tog, in my gedagtes, is my pa nog nie oud nie. My pa is nie oud of jonk nie. Hy is net my pa.

Hy het vir my stories van Jakkals en Wolf vertel toe ek klein was. Soms het hy "O, Perdeby" op die bekfluitjie gespeel en soms het hy in 'n swart pak verdwyn na Rapportryersvergaderings.

Die dag toe hy ons nuwe Valiant Regal gaan haal het, het hy gesê ek hoef nie skool toe te gaan nie. Ek was seker so tien. Ek het saam met hom van Daniëlskuil af na Warrenton gery, waar die Valiant vir ons in Moderne Motors se show room gewag het, in al sy kapoengeel glorie.

Daardie middag op pad huis toe, onthou ek, het ek my pa gevra waarom daar oral sulke losstaande klipkoppies in die Noord-Kaap is. Hy het 'n antwoord gereed gehad. In die ou dae, het hy gesê, het die dinosourusse daar resies gehardloop en hulle het die klippe so opgeskop wanneer hulle te vinnig weggespring het.

My pa het my na my eerste groot rugbywedstryd toe geneem. Op die Amasol-stadion op Postmasburg. Griekwas teen Noordwes-Kaap.

My pa het op al die dorpe waar ons gewoon het, bome geplant en beddings blomme gesaai en groentetuine, rotstuine en grasperke aangelê. (O, hel, my pa het al baie bome geplant).

My pa het koedoes geskiet en allerhande goed van yster in sy werkwinkel gemaak: blomstaanders, drinkbakke vir die voëltjies in die tuin, kershousers.

My pa het vir ons 'n boerboel met die naam Glenda gekoop en vir die NP gestem, totdat die NP met hul nonsies begin het.

Iewers tussen dit als het ek grootgeword en is ek op 'n dag met 'n Datsun 1200-bakkie die grootmenschwêreld in. Ek en my pa se kontak was nou beperk tot die telefoon en my sporadiese besoeke aan die huis.

Ons kuier altyd by die kombuistafel, ek en hy. Dit is 'n gewone tafel met vier pote en 'n oliekleedjie daarop. My pa se Bybel en blokraaiwoordeboek lê altyd daarop en daar is ook altyd allerhande botteltjies pille.

Oor die jare het ons baie dinge vir mekaar by daardie tafel gesê. Mooi dinge. Maar ook harde-harde dinge. Tog het ons altyd maar weer saam by daardie tafel gaan sit en weer begin praat.

Miskien is dit liefde: Om ondanks als altyd maar weer saam met iemand by 'n tafel te gaan sit en te praat.

Ons gaan vanaand weer by daardie tafel sit, ek en my pa en my stiefma. My pa gaan sy special bredie maak en daar sal lekker goedkoop wyn wees, en, wie weet, dalk Prince Charlie-whiskey. Jim Reeves of Bles sal oor die hi-fi sing en ons sal tot laat kuier.

Geluk, Pa. Ek gee hierdie jaar nie weer 'n das of Old Spice after shave nie.

Ek gee vir pa dié storie present.

[Hierdie storie het drie jaar gelede in Beeld verskyn, maar dit bly tydloos.]